

HOÛRSKOOI
LUTZVILLE
HIGH SCHOOL
6, LUTZVILLE, 8165
(027) 2171006
(027) 2172114
admin2@hslutzville.co.za



MY VOETSPoor,
MY NALATENSKAP

Aan alle Ouers

WEEKBRIEF 23 VAN 2021

UIT DIE KANTOOR

COVID-19: DERDE GOLF

Indien 'n leerder vir 'n tydperk afwesig is, kommunikeer op vakgroepe en met die betrokke onderwysers vir tuiswerk en toets sodat hulle nie agter raak nie. Dankie ook aan elke ouer wat getrou die skool skakel indien daar enige vermoede/kontak/onsekerheid betreffende Covid-19 is. Die protokol is dat enige leerder wat in direkte kontak met 'n positiewe persoon was vir 10 dae isoleer. (Wanneer iemand in isolasie is, mag hy/sy nie die huis verlaat om winkel toe te gaan of iewers te gaan kuier nie, en moet hy/sy in afsondering bly.) **Indien iemand in 'n gesin gaan vir 'n toets, moet die direkte familie (EN KINDERS) ook eers isoleer totdat die uitslag gekom het.** Daarna moet die skool onmiddellik in kennis gestel word van die uitslag. Intussen saniteer die skool streng volgens wetgewing om alles menslik moontlik te doen om ons kinders veilig te hou. Ouers en kinders het egter OOK 'n verantwoordelikheid om na-ure die belange van ons almal op die hart te dra.

Wanneer sluit 'n skool?

Slegs die Onderwyshoof in die Wes-Kaap mag 'n skool sluit. Dit gebeur net wanneer daar bv nie genoeg onderwysers is om die skool sinvol aan die gang te hou nie, of wanneer daar 'n beduidende uitbraak in die skool is. Die skool moet daaglik ALLE statistieke na die Departement deurstuur en dit word streng gemonitor. Hoewel ons nie name van Covid-positiewe leerlinge bekend maak nie, gee ons graag die korrekte feite deur:

Leerlinggetalle wat die afgelope week positief vir Covid getoets het:

Graad 1 : 0	Graad 4 : 0	Graad 7 : 1	Graad 10 : 3
Graad 2 : 0	Graad 5 : 0	Graad 8 : 2	Graad 11 : 1
Graad 3 : 0	Graad 6 : 0	Graad 9 : 0	Graad 12 : 1

Ons totale positiewe leerdergetalle staan dus hierdie week op **8**. Ons het die afgelope week een onderwyser wat isoleer omdat 'n familielid/huislid positief is. Wees verseker daarvan dat ons enige tendens goed dophou en nie sal huiwer om 'n klas huis toe te stuur nie, indien dit sal nodig blyk. Ons afwesighedsyfer vir hierdie week is **11%** en dit sluit alle kinders in wat by huise/families is wat moet isoleer; huise wat wag vir uitslae; leerlinge wat enige ongesteldheid toon, ens. Ons is diep dankbaar dat daar 'n daling in die getalle is. Die tendens is wel dat na 'n naweek daar baie families en vriendekringe is wat deur Covid geraak word, en ons doen weereens 'n beroep op almal om saam te werk. Ons sal weekliks die getalle deurgee soos ons dit ontvang.

GOEDKEURING VAN BEGROTING 2022

Die Weskus Onderwysdistrik wil die aandag van alle rolspelers vestig op Artikel 38 (1) en (2) van die SA Skolewet, 1996 (Wet 84 van 1996) wat bepaal:

38 (1) 'n Beheerliggaam van 'n openbare skool moet jaarliks 'n begroting voorberei volgens die voorskrifte bepaal deur die Lid van die Uitvoerende Raad in 'n Provinsiale Koerant wat die beraamde inkomste en uitgawes van die skool vir die volgende finansiële jaar toon.

38 (2) Voordat 'n begroting in subartikel (1) deur die beheerliggaam goedgekeur word, moet dit aan 'n algemene vergadering van ouers aangebied word waarvoor daar minstens 30 dae kennis gegee is, vir oorweging en goedkeuring deur die meerderheid van die ouers teenwoordig wat mag stem.

Kennis geskied hiermee ten opsigte van 'n Ouervergadering wat gehou gaan word op **Maandag, 15 November 2021 om 19:00** in die skoolsaal waar die begroting vir goedkeuring voorgelê sal word.

- Huidige skoolgeld ten opsigte van 2021 is R7 500.00 per jaar, voorgestelde skoolgeld vir 2022 sal op die ouervergadering voorgelê word vir goedkeuring. (Voorgestelde verhoging gaan ongeveer 6 % beloop).
- Begroting sal 14 dae voor die vergadering by die skool se kantoor beskikbaar wees vir besigtiging (vanaf 26 Oktober 2021).
- Kennisgewing vir vrystelling / gedeeltelike vrystelling van skoolgeld.
- Sakelys van vergadering: Goedkeuring van Hoerskool Lutzville sowel as Huis Louis Retief se begrotings ten opsigte van 2022.

Die meerderheid ouers teenwoordig by die vergadering keur die begroting goed, en hierdie besluit sal op alle ouers bindend wees.

SIVVIE-DRAG

Op 1 September gaan elke klas die geleentheid kry om volgens 'n tema aan te trek. Dit is ook heeltemal gratis. Elke klas bepaal self wat hulle tema gaan wees, en daar sal 'n prys aan 'n hoër-en laerskoolklas toegeken word vir die meeste deelname en die beste tema. Daar sal ook gedurende die dag 'n kompetisie gehou word waar die hoërskoolleerders kan raai hoeveel lekkers in 'n bottel is. Daar sal 'n prys wees vir die leerder wat reg raai. **VRL 2021**

DETENSIE

Daar sal Vrydag, 27 Augustus, detensie wees: direk na skool vir 2 ure. Leerders sal betyds ingelig word.

SOMERSDRAG

Somersdrag mag vanaf 1 September gedra word. Leerders kan aantrek na goeë dunnke en weersomstandighede.

LOSLITDAG

3 September is Loslittag! Ondersteun saam met Hoerskool Lutzville die fondsinsameling en blootstellingsveldtog tot voordeel van mense met gestremdhede. Leerders word aangemoedig om uitspattig en anders aan te trek skool toe. Leerders kan plakkers teen R20 elk by hulle registeronderwysers bestel tot en met die 2de September. Die jaar se tema is: *Courage and Kindness - Disney ultimate princess celebration.* **Helene-Mari Griebenouw**

BOEKEKAMER

Leerders is welkom om enige van die volgende items by die Boekekamer te koop, wat baie goedkoper is as in die winkels. Dit sal deur die loop van die jaar beskikbaar wees, solank voorraad hou.

Hardebandboek 96 bl	R 10.00	Eksamenblok	R 10.00
Hardebandboek 192 bl	R 12.00	Swart pen	R 2.00
Flip File 10 bl	R 8.00	Blou pen	R 2.00
Flip File 20 bl	R 12.00	Potlood	R 2.00
Flip File 30 bl	R 20.00	Pritt (43g)	R 35.00
Flip File 50 bl	R 40.00	Glue stick 36g (TreeLine)	R 10.00
Ringlêer	R 20.00	Liniaal	R 2.00
Gewone Werkboek (72 bl)	R 5.00	Uitveërs	R 5.00

LS TENNIS

Hendré van Zyl het op 21 en 22 Augustus in die CT Mini Series o/14-toernooi deelgeneem en wen 'n goue medalje in die dubbels platinum groep. Mooi skoot, Hendré. **Annalise Nieuwoudt**

Vrede en veiligheid word vir elkeen toegebid. Ons dink aan elke huisgesin wat gebuk gaan onder Covid 19-gevolge.

KOOS SCHEEPERS
ADJUNKHOOF

26/08/2021